

Deur Phillip Oosthuizen

Resultate: Sanga sinteties afgelei – Bonsmara

Die Sernick Presisie-afrondingsprojek was 'n eksperimentele konsep. Die resultate wys dat die konsep werk en dat dit die potensiaal het om in voerkrale gebruik te word. Daar moet in gedagte gehou word dat die groei- en voerinname-data slegs vir die 2015 Sernick-projek geld en nie veralgemeen kan word nie. Die model is wel generies en kan deur enige voerkraal gebruik word deur hul eie unieke data in te voer.



Prysveranderinge het 'n invloed op die winsmaksimerende voerperiode in 'n voerkraal.

Die gemiddelde daaglikse gewigstoename (GDT) oor die voertydperk was 1,98kg/dag, terwyl die gemiddelde daaglikse voerinname 10,73kg/dag was. Dit gee 'n voeromsetverhouding (VOV) van 5,41:1. 'n Ewekansige proefneming van tien diere is geneem op die winsmaksimerende voerperiode en geslag. Die gemiddelde uitslagpersentasie was 60%, met 'n gemiddelde karkasgewig van 303kg en 'n gradering van A2/3.

Tabel 1: Voerperiodes vir verskillende prysskenario's.

Karkasprys	R33,00	R34,00	R35,00	R36,00	R37,00
Voerprys	Week	Week	Week	Week	Week
R2,40	19	19	20	21	22
R2,60	17	18	18	19	19
R2,80	16	17	17	17	18
R3,00	15	16	16	16	17
R3,20	14	15	15	15	16

Figuur 1 is die uitset van die winsmaksimerende model. Die totale veranderlike kostes was R2,55/kg voer vir week 1-6, R2,80/kg voer vir week 7-15 en R2,90/kg voer vir week 16-24. Die karkasprys was R35,00/kg. *Figuur 1* wys dat die waarde van die marginale produk (vleis) meer is as dié van die marginale koste (veranderlike koste) tot week 16. Daarna is die marginale koste meer as die inkomste.

Winsmaksimerende model


Op dieselfde punt raak die weeklikse (marginale) winsmarge negatief, terwyl die bruto winsmarge maksimeer. Op grond van hierdie kriteria word die winsmaksimerende voerperiode bepaal. Volgens die produksiedata en die 2015-prysscenario is die winsmaksimerende voerperiode dus 16 weke (112 dae). *Tabel 1* dui die alternatiewe winsmaksimerende voerperiodes aan vir verskillende prysskenario's.

Lengte van voerperiode

Volgens *Tabel 1* verleng die voerperiode soos wat die karkasprys verhoog en raak dit korter soos wat die voerprys verhoog. Vir elke R3 wat die karkasprys verhoog, verleng die winsmaksimerende voerperiode met 1,2 weke. Vir elke R0,20 wat die voerprys verhoog, verkort die winsmaksimerende voerperiode met een week.

Die verskil in bruto winsmarge is R48,79 per bees. Dus maak die voerkraal R48,79 meer wins per bees deur volgens die winsmaksimerende voerperiode te voer. In 'n scenario waar 'n voerkraal 10 000 beeste voer, sal hulle dus R487 900

Figuur 1: PMFP-model uitset om winsmaksimerende voerperiode aan te dui.



meer wins per siklus kan genereer en teen 3,2 siklusse per jaar sal R1 561 280 meer wins per jaar gemaak word.

Addisionele wins

Volgens die resultate kan 'n voerkraal addisionele wins genereer deur hierdie diere 21 dae korter te voer as die normale voerperiode. *Tabel 1* dui aan dat prysveranderinge 'n invloed het op die winsmaksimerende voerperiode en in ag geneem moet word.

Vir meer inligting, kontak Phillip Oosthuizen by phil.oosthuizen@gmail.com.

Projekvennote: Universiteit van die Vrystaat se Departemente Landbou-ekonomie, Veekunde en Voedselwetenskap, sowel as die Sernick-groep, die Landbounavorsingsraad (LNR) en *Veeplaas*.

Alle resultate van die Sernick Presisie-afrondingsprojek wat in *Veeplaas* verskyn, is afkomstig van die projek se unieke omstandighede en uitleg. Die resultate word nie veralgemeen nie en is bloot die waarnemings in hierdie projek. Klimaat en hantering kan 'n groot invloed op die prestasie van voerkraalbeeste hê. Hou ook in gedagte dat hierdie proefdiere weekliks gehanteer is om die nodige data te versamel.